

# Ontluikendes: ja of nee?

In ontluikende lande vloei die vonkelwyn nog, terwyl ontwikkelde lande sukkel met die babelas van die laaste dekade of wat se oordaad.

Oor hoe lank die partytjie in die ontluikende lande nog gaan aanhou, is daar verskillende menings.

Twee van die vier portefeuljebestuurders met wie *Jou Geldsake* gepraat het, meen die vonkelwyn het in die ontluikende lande alte rojal ge-vloei en daar is 'n padversperring om die hoek.

Twee ander meen dat dit nog glad nie te laat is om by die partytjie op te daag nie, skryf **Adri van Zyl**.

## Skink maar die vonkelwyn: Ontluikendes vaar nog goed



**Mnr. Anwar Wagner**

**Mnr. Anwar Wagner, portefeuljebestuurder van die Electus Global Emerging Markets Fund, wat op 1 September bekend gestel is (Electus is 'n boetiek van die Ou Mutual Beleggingsgroep):**

In die afgelope tien jaar het 'n fundamentele verskuiwing in die wêrelddekkende plaasgevind.

Ontluikende lande, onder aanvoering van China, neem in al hoe groter mate by ontwikkelde lande oor as die ekonomiese moondhede van die toekoms.

Dié verskuiwing gaan oor minstens die volgende tien jaar momentum kry én voortduur. Dit is te danke aan die gesonde fiskale posisie van die ontluikende lande vergeleke met die ontwikkelde lande, groeiende verstedeliking, verbeteringe in infrastruktuur, werk- en welvaartskepping, asook groeiende verbruiksbesteding.

Die ekonomieë van die ontluikende lande gaan na verwagting oor die volgende 40 jaar ten slegste 2% vinniger groei as dié van ontwikkelde lande – en dit maak 'n reuseverskil aan enige opbrengs op 'n belegging.

Die ontluikende lande word al meer beskou as 'n bateklas in eie reg en word nie meer gebruik net vir die diversifikasie van 'n portefeulje nie.

Op die oomblik is die aandele in ontluikende lande goedkoop, die opbrengs op aandelehouersgeld is groter as in die ontwikkelde lande en ekonomiese groei is baie beter.

Daarby is die blootstelling van beleggers oor die wêreld heen aan ontluikende lande nog klein vergeleke met dié lande se bydrae tot die groei in die wêrelddekkende.

Ontluikende lande sal aanstaande jaar na raming 50% bydra tot die groei in die wêrelddekkende, terwyl 'n gewig van net 14% aan hulle toegeken is in die wêreld se aandeleindekse. In 2002, toe die gewig in aandeleindekse 4,5% was, kon beleggers dit ignoreer, maar nie meer nie.

Suid-Afrikaanse beleggers sal ook baat vind by 'n belegging in ontluikende lande omdat die ander lande se groei koerse hoër is, aandele goedkoper is, daar 'n groter keuse van sektore (byvoorbeeld, olie, motors en vervaardiging) is en dit 'n skans bied teen 'n verswakking in die waarde van die rand.



**Mnr. Gavin Joubert**

**Mnr. Gavin Joubert, hoof van die belegging-span vir ontluikende lande van Coronation:**

Die ekonomieë van ontluikende lande groei, anders as die ekonomieë van ontwikkelde lande.

Ontluikende lande speel 'n al groter rol in die wêrelddekkende en is die grootste dryfkrag agter die groeiende markwaarde van wêreldaandele. Aandele van maatskappye in ontluikende lande verteenwoordig 30% van die markwaarde van die wêreldbeurs.

Die bestebare inkomste van die bevolkings groei vinnig, en die markindringing van bykans alle verbruiksprodukte is swak.

In China besit 4 uit elke 100 mense 'n motor vergeleke met 7 uit elke 10 in Amerika. Verlede jaar is meer motors in China verkoop as in Amerika.

Selfs al groei die mark vir nuwe motors in China met net 10% tot 12%, sal dit verdriedubbel.

Verbruik in die ontluikende lande sal aanhou groei namate die bestebare inkomste en die middelklas groei.

Dit is 'n wanopvatting dat daar net arm mense in ontluikende lande is. Maatskappye gaan daaruit munt slaan en goeie opbrengste lewer. Yum Brands, die beheermaatskappy van KFC en Pizza Hut, beplan om sy afsetpunte in China van die huidige 4 000 tot 20 000 uit te brei. Dit verteenwoordig groei van 20%.

In Brasilië, met 'n bevolking van 190 miljoen, het Yum Brands 100 afsetpunte. In Suid-Afrika, met 'n bevolking van 50 miljoen, is daar 600 afsetpunte.

Daar ontwikkel nie 'n borrel in die aandelepryse van maatskappye in ontluikende lande nie.

'n Mens kan die aandele van GWM ('n Chinese motorvervaardiger) koop teen 'n

## Wees versigtig ...



**Mnr. Jeremy Gardiner**

**Mnr. Jeremy Gardiner, direkteur van Investec Batebestuur:**

Ontluikende lande is tans warm, maar die partytjie is alreeds lank aan die gang. Nuwe toetreders gaan laatkomers wees.

Ontluikende lande het oor die afgelope vyf tot tien jaar vinniger gegroei as ontwikkelde lande, en dit kan nog drie tot vyf jaar voortduur. Dit gaan egter nie onbe-

paald aanhou nie.

Die pryse van aandele en geld-eenhede in ontluikende lande weerspieël reeds hope goeie nuus en verwagtinge van positiewe groei. Aan die ander kant weerspieël die prys in ontwikkelde lande hope slegte nuus.

Die meeste Suid-Afrikaners, wat in 'n ontluikende land bly, is reeds bevoordeel deur die groei in ontluikende lande. Dit word nie net weerspieël in hul beleggingsportefeuljes nie, maar ook in die waarde van eiendom en 'n sterk geldeenheid. Om die waarheid te sê, die meeste Suid-Afrikaanse beleggers se blootstelling aan ontluikende lande is te groot weens hul beleggings in eiendom en ander bates in Suid-Afrika. Dit moet in gedagte gehou word voordat ander beleggings in ontluikende lande oorweeg word.

Vernuftige beleggers kyk na geleenthede om te belê in maatskappye wie se aandele in ontwikkelde lande genoteer is, maar 'n noemenswaardige deel van hul inkomste in die ontluikende lande verdien. Op dié manier kry hulle blootstelling aan die groei in die ontluikende lande, maar betaal die prys van aandele in ontwikkelde lande.

**Mnr. Piet Viljoen, hoof van RE:CM:**

Mense wil deesdae in China belê, want sy ekonomie groei vinnig en hulle hoop dit sal omskakel in groot opbrengste op beleggings. Om sukses te behaal in dié mark en buitengewoon goeie opbrengste te kry, moet perspektiewe verander en algemene sienings uitgedaag word.

Een van die hedendaagse algemene wysheid is dat 'n mens moet belê waar die beste vlakke van ekonomiese groei te kry is.

Dit is nie altyd die geval nie.

Opbrengste op Suid-Afrikaanse beleggings was die afgelope 10 jaar goed, ten spyte van swak ekonomiese groei. Daarteenoor het China in dié tydperk swakker opbrengste gelewer, al was sy ekonomiese groei sterk.

Dit gaan dus nie oor die land se ekonomiese groei koerse nie, maar die waardasie van 'n bate. En 10 jaar gelede was Suid-Afrikaanse bates goedkoop, maar almal wou oorsee belê. Vandag wil almal in Afrika belê.

Die gewilde siening van die markte is maklik, eenvoudig en gewoonlik verkeerd.

Dit is omdat die goeie in die prys weerspieël word, en hoe meer konsensus daar is oor iets, hoe hoër is die pryse. Dit is nie 'n goeie prys om teen te koop nie.

Aandele in ontluikende lande, waarvoor goeie groei verwag word, is te duur en die pryse



**Mnr. Piet Viljoen**

weerspieël reeds die algemene siening.

Die ekonomieë van ontluikende lande gaan sterk groei en om daaraan blootgestel te wees moet 'n mens daar belê – daarteen kan niemand stry nie.

In hierdie stadium is die prys vir toegang tot ontluikende lande te hoog.

Opbrengste en die algemene siening is twee verskillende dinge.

Dis miskien goed om beleggings te hê wat almal het, maar jy gaan nie buitengewoon goeie opbrengste kry as jy besit wat almal besit en doen wat almal doen nie.

– **Niel Joubert**

**“**  
In China besit 4 uit elke 100 mense 'n motor en daar is verlede jaar meer motors verkoop as in Amerika, waar 7 uit elke 10 mense 'n motor besit.

prys-verdiens-te-veelvoud van 6 en sy verdienste het in afgelope sewe jaar met 60% per jaar gegroei en 25% van sy markwaarde is in kontant.

Suid-Afrika is 'n dun spekie in die ontluikende wêreld en die markte hier is baie verder ontwikkel as in die ander.

Wat betref die gebruik van bankdienste en selfone is dit in Suid-Afrika soortgelyk aan die ontwikkelde lande en die gebruik van bier is net soveel soos in die ontwikkelde lande. Dit is nog nie die geval in ander ontluikende lande nie. In Brasilië en China kan die markte dus nog baie vinniger groei as in Suid-Afrika.

Suid-Afrika se aandele mark is vergeleke met ander ontluikende lande klein en het wasdom bereik. Onder al die ontluikende lande is die politieke risiko hier die grootste.

Daar is baie meer geleenthede in die ander ontluikende lande.